

GELD 101:

Wat om te doen as jy jou werk verloor

DEUR KRISTIA VAN HEERDEN

Wat sal finansiëel met jou gebeur as jy jou werk verloor? Sal jy in staat wees om jou uitgawes te dek totdat jy weer 'n inkomste verdien? Sal jy ander bronne van inkomste kan vind totdat jy weer 'n permanente werk kry?

"Om jou werk te verloor is 'n lewens-veranderende gebeurtenis wat met enigeen kan gebeur. Min mense voorsien egter dat dit wel gaan gebeur, en nog minder mense is finansiëel en emosioneel opgewasse om dit te verwerk," sê Sonia du Plessis, 'n finansiële adviseur by Brenthurst Wealth Management.

"Terwyl jy werk, is dit altyd 'n goeie idee om spaargeld in kontant of in 'n beleggingsproduk beskikbaar te hê sodat jy dit maklik kan onttrek. Die

bedrag moet gelyk wees aan minstens drie maande se inkomste," sê sy.

EERS DIE BELANGRIKSTE

Voordat jy enige haastige besluite oor jou finansies neem nadat jy werkloos is, raai die gesertifiseerde finansiële beplanner Gerald Mwandiambira mense aan om eers hul basiese finansiële verpligtinge, insluitend die koste van kontrakte en polisse, vas te stel en om dan hul versekeringspolisse en finansiële kontrakte te lees.

"Deur dit te doen, kan jy moontlik polisse en kontrakte identifiseer wat inkomste- of premiebeskerming bied. Dit is raadsaam wanneer jy 'n kontrak aangaan dat jy altyd die opsie kies wat werkloosheid of verlore inkomste dek," sê hy.

Die volgende stap is om met jou krediteure in verbinding te tree om uit te vind of hulle bereid is om ander terugbetalingsreëlings te tref.

Mwandiambira sê: "Onthou dat geen maatskappy verplig is om enige reëling te aanvaar nie, en hulle doen dit gewoonlik om te probeer om jou klandisie te behou. Nadat die reëlings getref is, kan jy vervangingsinkomste soek om jou skuld te vereffen en jou goeie naam te beskerm."

In die geval van afdanking, sê Du Plessis dat daar belastingimplikasies en pensioenvoordele is om te oorweeg.

Kry dus professionele advies oor hoe om jou geld langer te laat hou voordat jy die koopgier kry.

"Dit is baie belangrik dat jy nie jou pensioenvoordele wat jy gedurende jou indiensneming

**"DIS ALTYD 'N GOEIE
IDEE OM SPAARGELD
IN KONTANT OF IN 'N
BELEGGINGSPRODUK
BESKIKBAAR TE HÊ**

**SODAT JY DIT MAKLIK KAN
ONTTREK. DIE BEDRAG
MOET GELYK WEES
AAN DRIE MAANDE SE
INKOMSTE."**

opgebou het, moet onttrek of gebruik nie. 'n Bewaringsfonds is 'n uitstekende medium waarin jy hierdie geld kan belê," voeg sy by. ■

FINANSIËLE EN LEEFSTYL-AANPASSINGS

Om jou deur die tydperk van werkloosheid te help, raai Gerald Mwandiambira die volgende aan:

- Verminder jou onthaaluitgawes en uitgawes aan luukses soos duur satelliet-TV.
- Verminder uitgawes aan kruide-niersware.
- Oorweeg om groot uitgawes soos privaat-skoolgelde te besnoei.
- Oorweeg dit om 'n bate te verkoop om kontant vry te stel, veral as jy meer as een motor het of bates het waarop jy niks skuld nie.
- Wees realisties oor jou situasie.
- Kry jou belastingake reg en doen navraag oor enige kortings.



Gerald
Mwandiambira